

# MINUTES OF PROCEEDINGS

OF THE

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

=====

THURSDAY, 25 APRIL 2013

1. The House met at 14:15.
2. The Speaker took the Chair and read the prayer.
3. [14:17] Interpellations.
4. [14:54] Questions.
5. [15:57] Questions to the Premier without notice.
6. [16:20] Statements by Members.
7. [16:48] Mr J J Visser moved without notice: That the House conveys its heartfelt sympathy to the city of Boston in Massachusetts in the USA and to the people of the city with the loss of life and injuries suffered, following the devastating and senseless twin bomb blasts at the Boston Marathon finishing line on Monday, 15 April 2013.  
  
Agreed to.
8. Ms L Brown moved without notice: That the House –
  - (1) invites all South Africans to celebrate our national Freedom Day, our democracy, our Constitution and our national symbols; and
  - (2) especially congratulates all those who will receive national orders from President Jacob Zuma on Saturday, 27 April 2013.  
Agreed to.
9. Ms A Rossouw moved without notice: That the House –
  - (1) notes the passing the past week of Mr Attie de Villiers, a former Secretary of the national Parliament, the former husband of the well-known Afrikaans author the late Audrey Blygnaut and a well-known resident of Cape Town; and
  - (2) conveys our condolences to the next-of-kin and friends of the late Mr De Villiers.  
Agreed to.

10. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House invites all South Africans to celebrate Workers' Day on 1 May 2013 to honour the people that keep the cogs of our economy turning through their hard work.

Agreed to.

11. Mr G C R Haskin moved without notice: That the House expresses its deepest sympathy to the family of Jordan Lewis, who died after consuming hazardous substances near the N2 Gateway project in Delft on Sunday, 21 April 2013.

Agreed to.

12. Ms C Labuschagne moved without notice: That the House –

(1) congratulates the University of Cape Town, which has trumped all other academic institutions in the country by scoring 33 A-rated researchers; and

(2) notes that –

(a) 33 is the highest number of National Research Foundation (NRF) A-rated researchers in South Africa; and

(b) Professor Danie Visser, the deputy vice-chancellor of UCT responsible for the university's research, said the results were important to them as they focused on "quality rather than quantity".

Agreed to.

13. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House conveys its sincere sympathy to the wife, family members and friends of Deon Lott, the Oudtshoorn acting municipal manager and chief financial officer, who died after suffering a stroke on Tuesday, 1 April 2013.

Agreed to.

14. Ms D Gopie moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 59-year-old local businessman Allie Parker, who was murdered at his Epping home in a robbery on 18 April 2013.

Agreed to.

15. Ms J Witbooi moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of 3-year-old Monroe Rhoda, who was brutally murdered in Retreat on 11 April 2013.

Agreed to.

16. Mr M G E Wiley moved without notice: That the House –

(1) salutes the extraordinary courage and determination of paralympian athlete Ernst van Dyk of Stellenbosh, who, after witnessing the bomb blast across the street following his second place in the Boston Marathon, flew to the United Kingdom to take part in the London Marathon the following weekend; and

(2) notes with pride that, just six days after the bombs went off near him in Boston, he earned a third place in the marathon in the capital city of the United Kingdom.

Agreed to.

17. Mr H P Geyer moved without notice: That the House –
- (1) congratulates Mr Colin Eglin, a former leader of the Democratic Party, on receiving the order of the Baobab from President Zuma this coming Saturday, on 27 April 2013; and
  - (2) acknowledges that Mr Eglin has dedicated his life to fighting apartheid and building South Africa's democracy, and commends him for that.

Agreed to.

18. Ms N P Magwaza moved without notice: That the House expresses its sympathy with the 164 people who were left homeless following the shack fires in Langa, Wesbank, Gugulethu and Phillippi over the Easter weekend.

Agreed to.

19. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House –

- (1) congratulates the City of Cape Town on the recognition bestowed on it by Moody's International based on the prudent municipal financial management of the City;
- (2) notes that the Mother City received the highest possible municipal credit rating of Moody's International that can be obtained in South Africa, namely an Aa3 rating; and
- (3) furthermore notes with gratitude that this international recognition makes it possible for investors and the community, even in the current weak national and international economic climate, to invest in the City of Cape Town and its future with confidence.

Agreed to.

20. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House congratulates Ndumie Funda from Mandalay, who won a medal and was awarded a certificate of recognition for her work to fight gay issues in Mzansi from the Federation of Gay Games in Toronto last week.

Agreed to.

21. Ms D Gopie moved without notice: That the House extends its condolences to the family and friends of traffic officer Wesley Woodman, who was brutally murdered in Lavender Hill earlier this month whilst executing his duties.

Agreed to.

22. Mr E J von Brandis moved without notice: That the House congratulates the following persons on the annual maritime awards received by them at a function held by the South African Maritime Safety Authority (Samsa) on 20 April 2013:

- Captain Okke Grapow – Maritime Maestro
- Hanlie Gouws – Maritime Media award
- Knowledge Bengu – Seafarer of the Year.

Agreed to.

23. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House notes that the national Department of Health has expressed its confidence that the training of South African medical students in Cuba will continue and that this will contribute to the successful roll-out of the National Health Insurance scheme.

Agreed to.

24. Mr M Ozinsky moved without notice: That the House notes that the hon the Premier left the hon Mr Carlisle off the very short list of members of the Democratic Alliance who fought apartheid and recognises Mr Carlisle's opposition to apartheid.

Agreed to.

25. Ms J L Hartnick moved without notice: That the House conveys our sincere condolences to the family and loved ones of the eight disabled pupils killed in the horrific bus accident in KwaZulu-Natal on Tuesday night, 23 April 2013.

Agreed to.

26. Ms A Rossouw moved without notice: That the House –

- (1) congratulates three South African authors on their achievement to be placed on the shortlists of Commonwealth literary prizes for 2013; and
- (2) notes that—
  - (a) Jamala Safari's novel *The Great Agony and Pure Laughter of the Gods* has been nominated in the category of Commonwealth Book Prize; and
  - (b) the short story of Sally-Ann Partridge, *Take me Home United Road*, and Julian Jackson's short story *The New Customers* are both on the shortlist for the best short stories that have not yet been published in the category of Commonwealth Short Story Prize.

Agreed to.

27. Ms N P Magwaza moved without notice: That the House extends its condolences to the families and friends of a 2-year-old child, Haylee Anne Moos, and the 32-year-old Loretta Moos, as well as Shaun Buys, aged 33, who were all killed in shack fires in Wesbank over the Easter weekend.

Agreed to.

28. Mr H P Geyer moved without notice: That the House congratulates all hon Members of this legislature who completed the PALAMA (Public Administration Leadership and Management Academy) graduate certificate in Governance and Leadership.

Agreed to.

29. Ms M Tingwe moved without notice: That the House –

- (1) congratulates Vezokuhle "Vezi" Mntungwa from the dust streets of Langa on having represented his country, province and school in cricket in India; and
- (2) notes with pride that he was also elected as the player of the series and best batsman.

Agreed to.

30. Mr P Uys moved without notice: That the House notes with concern that there are currently 985 illegal dump sites in the City of Cape Town.
- Agreed to
31. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House notes with concern the uncertainty surrounding the future of the G F Jooste Hospital, with the Provincial Department of Health stating that they are waiting on the Department of Public Works before answers can be provided on whether the hospital will be demolished and rebuilt as planned.
- Agreed to.
32. Mr P Uys moved without notice: That the House notes that, in the by-election in Hessequa Ward 7 that was held yesterday, 24 April 2013, the African National Congress increased its votes by more than 50% and narrowly lost to the Democratic Alliance, who has shed support.
- Agreed to.
33. Me A J du Toit Marais moved without notice: That the House notes that, after Mr Bill Gates had recently visited Prof Househam, the American businessman commended the Head of the Western Cape Health as one of the best in the world, as “The Best of the Best”.
- Agreed to.
34. Ms M Tingwe moved without notice: That the House congratulates the 16 students of Mitchells Plain who has each received a bursary of R10 000 for the year handed over by Minister Trevor Manuel of the community’s Mitchells Plain Bursary and Role Model Trust.
- Agreed to.
35. Ms D Gopie moved without notice: That the House commends the South African Police Service for conducting a successful raid on drug houses in Bishop Lavis on 2 April 2013.
- Agreed to.
36. Mr K E Magaxa moved without notice: That the House congratulates the national Minister of Human Settlements, Tokyo Sexwale, for launching a new solar water heating project at the N2 Gateway project in Joe Slovo.
- Agreed to.
37. Mr M Skwatsha moved without notice: That the House joins numerous public health workers and patients in welcoming the national Minister of Health, Dr Aaron Motsoaledi’s introduction of a new single anti-retroviral pill and notes with gratitude that 400 000 doses have already been distributed to provinces for the first phase of the rollout.
- Agreed to.
38. Ms C F Beerwinkel moved without notice: That the House congratulates the community of Bredasdorp on commending the national Minister of Higher Education and Training, Dr Blade Nzimande for launching a R10 million skills development project in memory of the late Anene Booysen.
- Agreed to.

42

39. [17:09] The House discussed the following subject in the name of Mr E J von Brandis:

The desirability and impact/implications of toll roads in the Western Cape.

Debate concluded

40. [18:09] FIRST ORDER

Consideration of Report of Budget Committee on the *Division of Revenue Bill* [B 2 – 2013] (NCOP), dated 17 April 2013 (See Announcements, Tablings and Committee Reports, p 51) (Ratification of final mandate).

Debate concluded.

The mandate conferring authority on the Western Cape Provincial Parliament's delegation in the NCOP to support the Bill without amendments was ratified.

41. The House adjourned at 18:10.

R K BEGG  
Acting Secretary to Provincial  
Parliament

# NOTULE VAN VERRIGTINGE

VAN DIE

## PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

-----

DONDERDAG, 25 APRIL 2013

1. Die Huis kom om 14:15 byeen.
2. Die Speaker neem die Stoel in en lees die gebed voor.
3. [14:17] Interpellasies.
4. [14:54] Vrae.
5. [15:57] Vrae aan die Premier sonder kennisgewing.
6. [16:20] Verklarings deur Lede.
7. [16:48] Mnr J J Visser stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige simpatie oordra aan die stad Boston in Massachusetts in die VSA en aan die mense van die stad met die lewensverlies wat gely is en die beserings wat opgedoen is, in die vernietigende en sinlose dubbele bomaanval by die wenpaal van die Boston-marathon op Maandag, 15 April 2013.

Goedgekeur.

8. Me L Brown stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
  - (1) alle Suid-Afrikaners uitnooi om ons nasionale Vryheidsdag, ons demokrasie, ons Grondwet en ons nasionale simbole te vier; en
  - (2) veral vir almal gelukwens wat op Saterdag, 27 April 2013, nasionale ordes van ons president, Jacob Zuma, gaan ontvang.

Goedgekeur.

9. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –
  - (1) kennis neem van die heengaan die afgelope week van mnr Attie de Villiers, 'n voormalige Sekretaris van die nasionale Parlement, 'n voormalige eggenoot van die bekende Afrikaanse skrywer wyle Audrey Blignaut en 'n bekende inwoner van Kaapstad; en
  - (2) ons medelye met die naasbestaandes en vriende van mnr De Villiers betuig.

Goedgekeur.

10. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis alle Suid-Afrikaners uitnooi om op 1 Mei 2013 Werkersdag te vier ten einde die mense te eer wat deur hulle harde werk die land se ekonomie op koers en gesond hou.

Goedgekeur.

11. Mnr G C R Haskin stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy innige medelye betuig teenoor die familie van Jordan Lewis, wat gesterf het nadat sy op Sondag, 21 April 2013, naby die N2 Gateway-projek in Delft aan gevaarlike stowwe blootgestel was en dié stowwe ingeneem het.

Goedgekeur.

12. Me C Labuschagne stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

(1) die Universiteit van Kaapstad gelukwens met die feit dat hulle al die ander akademiese instellings in die land uitgestof het deur 33 A-graderings vir navorsers te ontvang; en

(2) daarvan kennis neem dat –

(a) 33 die hoogste getal A-gegradeerde navorsers deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) in Suid-Afrika is; en

(b) professor Danie Visser, die adjunk-visekanselier van die UK verantwoordelik vir die universiteit se navorsing, gesê het dat die uitslae vir hulle belangrik is aangesien hulle fokus is op “gehalte eerder as getalle”.

Goedgekeur.

13. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy opregte medelye oordra aan die eggenote, familielede en vriende van Deon Lott, die waarnemende munisipale bestuurder en hoof- finansiële beampte van Oudtshoorn, wat op Dinsdag, 1 April 2013, gesterf het nadat hy ’n beroerte gehad het.

Goedgekeur.

14. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye oordra aan die familie en vriende van die 59-jarige plaaslike sakeman Allie Parker, wat op 18 April 2013 tydens ’n rooftog by sy huis in Epping vermoor is.

Goedgekeur.

15. Me J Witbooi stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die familie en vriende van die 3-jarige Monroe Rhoda, wat op 11 April 2013 op wrede wyse vermoor is in Retreat.

Goedgekeur.

16. Mnr M G E Wiley stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

(1) hulde bring aan die paralimpiese atleet Ernst van Dyk van Stellenbosh weens die buitengewone moed en deursettingsvermoë wat hy aan die dag gelê het deur, kort nadat hy as ooggetuie die bomontploffing beleef het oorkant die straat van waar hy hom bevind het ná sy tweede plek in die Boston-marathon, na die Verenigde Koninkryk toe te vlieg om die volgende naweek aan die London-marathon deel te neem; en



- (2) met trots daarvan kennis neem dat hy, net ses dae nadat die bomme naby hom in Boston ontplof het, 'n derde plek behaal het in die marathon in die hoofstad van die Verenigde Koninkryk.

Goedgekeur.

17. Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) mnr Colin Eglin, 'n voormalige leier van die Demokratiese Party, gelukkig met die feit dat eerskomende Saterdag, 27 April 2013, die Orde van die Kremetart van president Zuma gaan ontvang; en
- (2) erkenning verleen aan die feit dat mnr Eglin sy lewe gewy aan die stryd teen apartheid en aan die opbou van Suid-Afrika en hom loof daarvoor.

Goedgekeur.

18. Me N P Magwaza stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy medelye uitspreek teenoor die 164 mense wat haweloos gelaat is na die krotbuurtbrande in Langa, Wesbank, Gugulethu en Philippi gedurende die Paasnaweek.

Goedgekeur.

19. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) die Stad Kaapstad gelukkig met die erkenning wat die stad te beurt geval het deur die hoë gradering deur Moody's International op grond van die gesonde munisipale finansiële bestuur wat deur die Stad Kaapstad beoefen word;
- (2) daarvan kennis neem dat die Moederstad die hoogste munisipale kredietgradering wat in Suid-Afrika moontlik is, naamlik 'n Aa3-gradering, van Moody's International ontvang het; en
- (3) voorts met dankbaarheid daarop let dat hierdie internasionale erkenning in die huidige swak nasionale en internasionale ekonomiese klimaat daarvoor sorg dat beleggers en die gemeenskap met vertroue in die Stad Kaapstad en sy toekoms kan belê.

Goedgekeur.

20. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukkig oordra aan Ndumie Funda van Mandalay, aan wie die *Federation of Gay Games* in Toronto verlede week 'n medalje en sertifikaat van erkenning toegeken het vir haar werk om te veg vir gay-kwessies in Mzansi.

Goedgekeur.

21. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meeleving uitspreek teenoor die familie en vriende van verkeersbeampte Wesley Woodman, wat vroeër dié maand wreed vermoor is in Lavender Hill terwyl hy sy pligte uitgevoer het.

Goedgekeur.

22. Mnr E J von Brandis stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die volgende persone gelukkig met die jaarlikse maritieme toekennings wat hulle ontvang het by 'n geleentheid wat op 20 April 2013 deur die Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (Samsa) aangebied is:

- Kaptein Okke Grapow – Maritieme Maestro
- Hanlie Gouws – Maritieme Media-toekenning
- Knowledge Bengu – Seevaarder van die Jaar.

Goedgekeur.

23. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem daarvan dat die nasionale Departement van Gesondheid die vertrouwe uitgespreek het dat daar voortgegaan sal word met die opleiding van Suid-Afrikaanse mediese studente in Kuba en dat dit sal bydra daartoe dat die loodsing en implementering van die Nasionale Gesondheidsversekeringskema suksesvol sal wees.

Goedgekeur.

24. Mnr M Ozinsky stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem van die feit dat die agb Premier die agb lid mnr Carlisle uitgelaat het uit die besonder kort lysie van lede van die Demokratiese Alliansie wat apartheid beveg het en erkenning verleen aan mnr Carlisle se teenkanting teen apartheid.

Goedgekeur.

25. Me J L Hartnick stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis ons opregte meegevoel oordra aan die familie en geliefdes van die agt gestremde leerlinge wat Dinsdagnag, 23 April 2013, in die verskriklike busongeluk in KwaZulu-Natal omgekom het.

Goedgekeur.

26. Me A Rossouw stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) drie Suid-Afrikaanse skrywers gelukwens met hul prestasie om op die kortlyste geplaas te word vir literêre pryse van die Statebond vir 2013; en
- (2) daarvan kennis neem dat—
  - (a) Jamala Safari se roman *The Great Agony and Pure Laughter of the Gods* in die kategorie Statebondsboekprys benoem is; en
  - (b) sowel Sally-Ann Partridge se kortverhaal *Take me Home United Road* as Julian Jackson se kortverhaal *The New Customers* in die kategorie Statebondkortverhaalprys op die kortlys is vir die beste kortverhale wat nog nie gepubliseer is nie.

Goedgekeur.

27. Me N P Magwaza stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy meegevoel betuig met die families en vriende van die 2-jarige kindjie, Haylee Anne Moos, en Loretta Moos, wat 32 jaar oud was, en die 33-jarige Shaun Buys, wat almal gesterf het in krothuisbrande in Wesbank gedurende Paasnaweek.

Goedgekeur.

28. Mnr H P Geyer stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensing oordra aan al die agb lede van hierdie wetgewer wat die PALAMA-sertifikaat (*Public Administration Leadership and Management Academy*-sertifikaat) in Bestuur en Leierskap ontvang het.

Goedgekeur.

29. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis –

- (1) Vezokuhle “Vezi” Mntungwa van die stofstrate van Langa gelukwens daarmee dat hy sy land, provinsie en skool in krieket in Indië verteenwoordig het; en
- (2) met trots daarvan kennis neem dat hy ook as die speler van die reeks en die beste kolwer verkies is.

Goedgekeur.

30. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer daarop let dat daar tans 985 onwettige stortingsterreine in die Stad van Kaapstad is.
- Goedgekeur.
31. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis met kommer kennis neem van die onsekerheid wat bestaan met betrekking tot die toekoms van die G F Jooste-hospitaal, ook in die lig van die feit dat die Provinsiale Departement van Gesondheid verklaar dat hulle wag vir die Departement van Openbare Werke voordat antwoorde gegee kan word oor die vraag of die hospitaal afgebreek en herbou gaan word soos beplan.
- Goedgekeur.
32. Mnr P Uys stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis daarop let dat die African National Congress in die tussenverkiesing wat gister, op 24 April 2013, in Wyk 7 in Hessequa gehou is sy getal stemme met meer as 50% vermeerder het en naelskraaps verloor het teen die Demokratiese Alliansie, wie se ondersteuning gekrimp het.
- Goedgekeur.
33. Me A J du Toit Marais stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis kennis neem dat Bill Gates na sy onlangse besoek aan prof Househam, die Wes-Kaapse Gesondheidshoof geloof het as een van die bestes in die wêreld, met ander woorde "*The Best of the Best*".
- Goedgekeur.
34. Me M Tingwe stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die 16 studente van Mitchells Plain aan wie elk vir die jaar 'n beurs van R10 000 toegeken is, wat oorhandig is deur Minister Trevor Manuel van die gemeenskap se *Mitchells Plain Bursary and Role Model Trust*.
- Goedgekeur.
35. Me D Gopie stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis die Suid-Afrikaanse Polisie diens gelukwens met die uitvoer van 'n suksesvolle klopjag op dwelmuise in Bishop Lavis op 2 April 2013.
- Goedgekeur.
36. Mnr K E Magaxa stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensinge oordra aan die nasionale Minister van Menslike Nedersettings, Tokyo Sexwale, weens die loodsing van 'n nuwe sonverhittingsprojek vir water by die N2 Gateway-projek in Joe Slovo.
- Goedgekeur.
37. Mnr M Skwatsha stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis hom aansluit by verskeie openbare gesondheidswerkers en pasiënte wat die nasionale Minister van Gesondheid, dr Aaron Motsoaledi, se invoer van 'n nuwe enkel anti-retrovirale pil verwelkom, en daarop let dat 400 000 dosisse vir die eerste fase van die bekendstelling van die skema aan provinsies versprei is.
- Goedgekeur.

43

38. Me C F Beerwinkel stel sonder kennisgewing voor: Dat die Huis sy gelukwensing oordra aan die gemeenskap van Bredasdorp wat die nasionale Minister van Hoër Onderwys en Opleiding, dr Blade Nzimande, geloof het vir die loodsing van 'n vaardigheidsontwikkelingsprojek van R10 miljoen ter nagedagtenis aan wyle Anene Booysen.

Goedgekeur.

39. [17:09] Die Huis bespreek die volgende onderwerp in die naam van mnr E J von Brandis:

Die wenslikheid en impak/implikasies van tolpaaië in die Wes-Kaap.

Debat afgesluit.

40. [18:09] EERSTE ORDER

Oorweging van Verslag van die Begrotingskomitee oor die *Wetsontwerp op die Verdeling van Inkomste* [W 2 – 2013] (NRVP), gedateer 17 April 2013 (Sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, bl 51) (Ratifikasie van finale mandaat).

Debat afgesluit.

Die mandaat wat die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement se afvaardiging na die NRVP magtig om die Wetsontwerp te steun, is bekragtig.

41. Die Huis verdaag om 18:10.

R K BEGG  
Waarnemende Sekretaris van die Provinsiale  
Parlement